**Vrydag 17 Februarie**
**Skrifgedeelte: Eksodus 25:31-40 (AFR53/2020)**
**Fokusgedeelte: Eksodus 25:37; Johannes 8:12**
**God se Lig en ligte skyn in die donker wêreld!**
In die heilige deel van die tabernakel, aan die suidekant, teenoor die tafel met toonbrode, het die goue kandelaar met sy sewe arms gestaan (Eks. 40:24). Dit is gemaak van suiwer goud (Eks. 25:31), want net die beste is goed genoeg vir die HERE! Die sewe arms van die kandelaar moenie ons aandag ontglip nie. *Sewe* is die getal van God! Hy laat die lig van sy teenwoordigheid in die heiligdom skyn, want *God is lig, en geen duisternis is in Hom nie* (1 Joh. 1:5). Sy teenwoordigheid gee lig en lewe aan sy volk.
Soos die kandelaar die heiligdom verlig, moet God se volk uitgaan om die wêreld te verlig. Hy maak van sy volk ligte vir die wêreld, want uit hulle moes *dié Lig van die wêreld* (Joh. 8:12), ons Here Jesus Christus, gebore word. Elkeen wat Hom volg, *sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê*. Die Heilige Gees steek die lig van God se genade deur die Woord in ons harte aan die brand. So maak Hy van elkeen wat in dié Lig, ons Here Jesus Christus glo, 'n lig vir die wêreld.
Laat God se Lig vandag en elke dag helder uit jou lewe skyn!
*Sing: Psalm 1-1:4*
*Ds. AP Krüger (Abraham) (Wolmaransstad)*